Bybel vir Kinders

bied aan

Die Kerk Kry Moeilikheid

Geskryf deur: Edward Hughes

Ge-illustreer: Janie Forest

Aangepas deur: Ruth Klassen

Vertaal deur: Gert Badenhorst

Vervaardig deur: Bible for Children
www.M1914.org

©2013 Bible for Children, Inc.
Lisensie: U het die reg om hierdie stories te kopieër en te druk maar u mag dit nie verkoop nie.

Vyftig dae nadat God se Seun, Jesus, uit die dood opgestaan het, het die Heilige Gees gekom om in sy volgelinge te leef. Al het die dissipels nie verstaan hoe God die Vader, God die Seun (Jesus) en God die Heilige Gees saam een God kon wees nie, was hulle bly om God by hulle te hê. God het wonderlike dinge gedoen om die apostels te help om ander van Jesus te vertel.

Mense wat in Jesus geglo het, het alles wat hulle gehad het, gedeel sodat die armes versorg was. Maar een egpaar, Ananias en Saffira, was oneerlik. Hulle het grond verkoop en voorgegee hulle bring ál die geld vir die apostels. Maar heimlik het hulle van die geld vir hulleself gehou.

"Hoekom het jy jou deur die Satan laat omhaal om vir die Heilige Gees te lieg?" het Petrus vir Ananias gevra. "Jy het nie vir mense gelieg nie maar vir God."

Ananias het net daar dood neergeslaan. En die jongmanne het hom toegedraai en gaan begrawe.

'n Rukkie later het Saffira ook ingekom, onbewus van haar man se dood. Sy het ook gelieg oor die geld – en dieselfde het met haar gebeur. Almal wat hiervan gehoor het, het baie bang geword.



God die Heilige Gees het baie tekens en wonders deur die apostels gedoen. Byvoorbeeld, siek mense het gesond geword as Petrus
se skaduwee op hulle geval het.

Dit was 'n tyd van groot wonders wat gewys het dat God teenwoordig is. Meer en meer mense het in Jesus geglo.

En dit het die hoëpriester baie kwaad gemaak. Hy het die apostels in die tronk laat sit!

Maar 'n engel van die Here het in die nag die tronkdeure oopgemaak, die apostels uitgelei en vir hulle gesê: "Gaan staan in die tempel en verkondig aan die volk die volle boodskap oor hierdie nuwe lewe."

Die apostels het uitgegaan en oor Jesus gaan preek. Die volgende môre het die hoëpriester se wagte die tronk leeg aangetref.

Toe hy hulle uiteindelik gekry het, het die hoëpriester die apostels uitgetrap. "Het ons julle nie uitdruklik belet om die mense in hierdie Naam te leer nie?" "'n Mens moet eerder aan God gehoorsaam wees as aan mense!" het Petrus en die ander apostels geantwoord.



Die hoëpriester was só kwaad dat hy die apostels wou doodmaak. Maar in plaas daarvan het hy hulle laat slaan en toe losgelaat.



Ten spyte van hulle pyn het die apostels God gehoorsaam en aangehou om oor Jesus se preek.



Op 'n dag is 'n man met die naam Stefanus gearresteer. Stefanus was baie lief vir die Here Jesus. Die Heilige Gees het hom gebruik om vir ander oor Jesus te vertel.



Sommige mense het gelieg en gesê hy het sleg van God gepraat. Ná 'n skynverhoor is Stefanus met klippe doodgegooi omdat hy in Jesus geglo het.



Voor hy gesterf het, het Stefanus, vol van die Heilige Gees, opgekyk na die hemel en die heerlikheid van God gesien en vir Jesus wat aan die regterhand van God staan.

Die skare het Stefanus gestenig terwyl hy uitroep: “Here Jesus, ontvang my gees.” En toe het hierdie dapper man, soos Jesus aan die kruis, sy laaste asem gebruik om te bid dat God sy moordenaars sal vergewe.

Stefanus se dood was die begin van 'n hewige vervolging. 'n Man met die naam Saulus, wat Stefanus se moordenaars gehelp het, het elke Christen wat hy kon vind, gearresteer.

Baie van hulle het uit hul huise gevlug en het versprei geraak deur Judea en Samaria. Net die apostels het in Jerusalem aangebly.

Al het hulle vyande hulle probeer doodmaak, het almal wat uitmekaar gejaag is die goeie nuus oor Jesus oral oorvertel. Niks kon Jesus se volgelinge keer nie, want die Heilige
Gees het in hulle geleef
en deur hulle gewerk.

Die Kerk Kry Moeilikheid

'n Storie uit God se woord, die Bybel,

soos gevind in

Handelinge 5-7

"Die lees van die Woord gee lig."
Psalms 119:130

Die Einde

Dié Bybelstorie vertel ons van ons wonderlike God
wat ons gemaak het en wat wil hê dat ons Hom sal leer ken.

God weet ons doen baie verkeerde dinge, Hy noem dit sonde. Die straf vir sonde is die dood, maar God het ons só lief dat Hy sy Seun, Jesus, gestuur het om vir ons sondes aan die kruis te kom sterf. Jesus het opgestaan uit die dood en opgevaar hemel toe! Wanneer jy in Jesus glo en Hom vra om al jou sondes te vergewe, sal Hy dit doen! Hy sal saam met jou stap deur die lewe, en jy sal vir altyd saam met Hom lewe!

As jy glo dat dit die waarheid is, sê dan die volgende vir God: Liewe Jesus, ek glo dat U God is en vir al my sondes kom sterf het en nou vir altyd lewe. Kom stap asseblief saam met my deur my lewe. Vergewe asseblief al my sondes, sodat ek 'n nuwe lewe kan hê en eendag vir altyd saam met U kan lewe. Help my om aan U gehoorsaam te wees en vir U te lewe, sodat ek u kind genoem kan word. Amen.

Lees die Bybel en praat elke dag met God! Johannes 3:16